


BRINK die skrywer



Saamgestel deur
GRIZÉLL AZAR-LUXTON

André Phillipus Brink, gebore op 29 Mei 1935 in Vrede in die eertydse Oranje-Vrystaat, is die seun van David ('n magistraat) en Aletta (Wolmarans) Brink ('n onderwyser). Van die konserwatiewe milieu in 'n land waar apartheid 'n amptelike beleid was, het hy destyds gesê dat hy nooit eintlik die geleentheid gehad het om apartheid te bevraagteken nie, aangesien hy niks gehad het waarmee hy dit kon vergelyk nie.

Brink het na matriek sy BA graad in die Letterkunde in 1955 aan die Universiteit van Potchefstroom behaal en later in 1958 'n meestersgraad in Engelse Letterkunde, ook aan dié universiteit. In 1959 verwerf hy sy meestersgraad in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde - dieselfde jaar waarin hy met 'n mooi, Estelle Naude trou. (Hulle het een seun gehad.)

In 1959 vertrek Brink na Frankryk waar hy vir die volgende twee jaar aan die Sorbonne in Parys studeer. Dit is hier waar hy vir die eerste keer in aanraking kom met anderskleurige mense op dieselfde sosio-ekonomiese vlak. In Suid-Afrika was sy blootstelling aan anderskleuriges slegs op die vlak van bediendes, tuiniers, ensovoorts. 'n Kultuurskok was dit vir hom beslis - soos hy eens opgemerk het: 'Dit was 'n reis van ontdekking op onbekende terrein.' Sy vroeëre romans soos **Eindlose weë** (1960), **Lobola vir die lewe** (1962) en **Die ambassadeur** (1963) is almal in Afrikaans geskryf en het slegs die apartheidkwessie ligweg aangeraak.

Na sy terugkeer na Suid-Afrika in 1961 is hy as dosent aangestel. Sy blootstelling aan apartheidskwessies ten spyte, het hy steeds vermy om dit in sy skrywes aan te spreek. In plek daarvan het hy gekonsentreer op die letterkundige en filosofiese idees waarmee hy in Parys gekonfronteer is.

Jean Paul Satre en Albert Camus het 'n belangrike invloed op sy styl gehad. Volgens

Brink het die skok van Camus se dood 'n besondere invloed op sy werk gehad.

Terug in Suid-Afrika het Brink daarna geneig om met sy landgenote, wat ook blootstelling aan die buitewêreld gehad het, te meng. Saam met ongeveer vyf of ses skrywers, almal met 'n belangstelling in romans en teater, het hy gepoog om 'n verandering in Afrikaanse literatuur, wat tot dan meer op onderwerpe gemik op die armblanke gekonsentreer het, teweeg te bring.

Hierdie veranderinge het hom en sy medeskrywers baie kritiek op die hals gehaal - tot so 'n mate dat sy boeke in Afrikaanse kerke van die preekstoel af verdoem is. So erg was dit dat die Suid-Afrikaanse Direktooraat vir Publikasies dié betrokke skrywers van morele, religieuse en seksuele perversie en verval beskuldig het - van hulle boeke is tot verbrand.

In **Die ambassadeur** het Brink die gewaagde stap geneem om godsdiens te kritiseer. Sy politieke, sosiale en kulturele beskouing sowel as sy openhartige skryfwerk oor liefdesverhoudings en seks het hom spoedig in botsing gebring met 'n prominente deel van die Afrikaanse gemeenskap, ook met sy eie familie. Van alternatiewe linkse kant is hy daarvan beskuldig dat hy deel is van die establishment omdat hy boekresensent vir *Rapport* was, Tafelberg se **Groot Verseboek** saamgestel het en sy boeke by Human en Rousseau laat publiseer het. Deur nie een van die twee groepe het Brink hom laat intimideer nie.

Sy opstand teen dit wat hy as onregverdig beskou het, het hy openlik uitgespreek of as fiksie in sy romans verwoord.

In 1965 trou Brink met Salomi Louw, by wie hy 'n seun, Gustav, gehad het. In 1968, na sy egskeding van haar, vertrek hy weer na Parys met die oog om hom permanent

daar te vestig. Studente oproerigheid in die stad noop hom om sy verantwoordelikheid as skrywer in heroorweging te neem en hy neem die besluit om na Suid-Afrika terug te keer; 'in order to accept full responsibility for whatever I wrote, believing that in a closed society, the writer has a specific social and moral role to fill', soos genoem aan *Contemporary authors online*. Kort

daarna trou hy met Alta Miller; 'n pottebakker. Hulle is ook later geskei.

Sy novelle, **Kennis van die aand** (later in Engels vertaal as **Looking on darkness**) was sy eerste openlike politieke werk. Vinnig was die regering se reaksie en is hierdie die eerste Afrikaanse boek om volgens die 1963 sensuur regulasies verban te word. Toe **Kennis van die aand** in 1974 verbied is, het hy ook 'n leidende rol gespeel in die pasgestigte Afrikaanse Skrywersgilde, en was hy baie aktief in die stryd vir die vrylating van Breyten Breytenbach, wat toe in die gevangenis was. Die verbanningsverbod het natuurlik 'n groot internasionale behoefte vir sy werk tot gevolg gehad. CJ Driver het oor die boek in die *Times Literary Supplement* geskryf: 'Within its context, this is a brave and important novel and in any terms a fine one.'

Brink se romans is dus, naas boeiende fiksiekuns, 'n optekening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis van daardie tyd. Vanweë die omstredeheid om Brink was literêre toekennings aan hom in Suid-Afrika skaars, ten spyte van sy besondere begaafdheid. Die Publikasieraad se verbod op van sy boeke het hom noodsaak om sy romans in Engels te vertaal. Die beskikbaarheid van sy werke in Engels het vertalings in ander tale vergemaklik. Tans is Brink dié Afrikaanse skrywer wat verreweg die meeste in ander tale vertaal en gelees word. Sy aansien oorsee is dus heelwat hoër as in Suid-Afrika. Hy word allerweë geloof as internasionale skrywer en is reeds drie maal deur Frankryk vereer.

Brink is tans hoogleraar in Engels aan die Universiteit van Kaapstad. As een van die mees veelsydige figure in die Suid-Afrikaanse literêre bedryf kan hy beskryf word as romanskrywer, dramaturg, reisverhaalskrywer, vertaler, letterkundige, kritikus, mentor, professor en polemikus. Sy romans is in meer as 30 tale vertaal, insluitend Serbo-Kroatisies, Japannees, isiXhosa en Viëtnamese.

Ten spyte daarvan dat hy alle nuwe konsepte sedert die middel 70's in Engels voltooi het, is sy passie vir Afrikaans

onwrikbaar. Hy sê self dat hy baie meer gemaklik en idiomaties in Afrikaans skryf.

Looking on darkness is gevolg deur **An instant in the wind** (1976) en daarna met **Rumours of rain** in 1978 wat, volgens baie kritici, sy beste ooit is.

Sy **A dry white season** in 1979 is verfilm met Kevin Kline en Marlon Brando in die hoofrolle.

Hierna volg **A chain of voices** in 1982, **The wall of the plague** (1984), **States of Emergency** (1988), **An act of terror** (1991), en **On the contrary** in 1993.

Sy jongste boeke sluit in **Imagings of sand** (1996), **Devil's Valley** (1999) en **The rights of desire** (2001).

Brink se optredes in die sestigerjare het deur sy leiding in die literêre beweging 'n vernuwing in die Afrikaanse skryf- en denkwêreld voorgestaan.

Nota: Genoemde titels beskikbaar in Biblioteekdiens.

Bronne

Sunday Times Lifestyle Junie 2005

<http://www.nb.co.za/HumanRousseau/hr>

[AuthorCV.asp?iAuthor_id=5272](http://www.nb.co.za/HumanRousseau/hr)

http://www.answers.com/topic/andre_philippus_brink